Verklaring van Voorneme: Arbeid in die landbousektor

Agtergrond

Op 29 Mei 2001 het die Departement van Arbeid, Agri SA, NAFU en FAWU ‘n *Visie vir arbeidsverhoudinge in die landbousektor* onderteken. Hierdie dokument is ontwikkel om ‘n reeks diverse aangeleenthede met betrekking tot diensverhoudinge op plase aan te spreek, met inbegrip van huurarbeiders, permanente werknemers, seisoenale werkers, arbeidsmakelary verhoudings en vaste-termyn dienskontrakte.

Hierbenewens is dit alombekend dat alle plaasbewoners, insluitend boere en hul werkers, kwesbaar is vir aanvalle deur misdadigers. Die ontwikkeling van ‘n arbeidsverhouding-omgewing wat ‘n kode vir toegang tot plase insluit om ’n veiliger werksomgewing te skep, is ook met die Visie-dokument in ag geneem.

In 2007 is ‘n beleidsdokument getiteld *Die bevordering van gesinswaardes* deur die Agri SA-kongres aanvaar, gevolg in 2008 deur ‘n beleidsdokument getiteld *Die ontwikkeling van lewensvaardighede en vestiging van gesonde waardes vir plaaswerker-gemeenskappe in Suid-Afrika*. Hierdie vorm deel van die verbintenis van Agri SA se affiliasies en individuele boere tot die maatskaplike opheffing van plaaswerkers.

In 2010 het verskeie plaaswerkerberade onder the vaandel van die Ministerie van Landbou, Bosbou en Visserye plaasgevind. Tydens die nasionale beraad is besluite geneem wat ‘n impak kan/sal hê op boere en hul verhouding met hul plaaswerkers. Gegewe die voortdurende ongesubstansieerde aantygings van wederregtelike optrede deur boere asook die beweerde onmenslike behandeling van plaaswerkers, het die georganiseerde landbou genope gevoel om hulself weereens te verbind tot sekere waardes en benaderings ten opsigte van die werksomstandighede van, en verhoudinge met plaaswerkers.

Agri SA en sy affiliasies verklaar soos volg:

Werksomstandighede:

Arbeidswetgewing: Agri SA en sy affiliasies het in die verlede en sal steeds in die toekoms, gegewe die trefwydte van hulle invloedsfeer, hul lede aanmoedig om tot op grondvlak ten volle te voldoen aan die verbandhoudende bepalings van die Grondwet, die Sektorale Vasstelling gepubliseer onder die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (soos gewysig) en alle ander arbeidswetgewing wat van toepassing is op die landbousektor.

Onbillike diskriminasie: Daar mag teen geen werker / werkgewer of persoon gediskrimineer word op grond van ras, ouderdom, geslag, swangerskap, huwelikstaat, gesinsverantwoordelikheid, gestremdheid, etniese of maatskaplike herkoms/agtergrond, kleur, seksuele orientering, godsdiens, MIV-status, gewete, geloof, politieke oortuigings, kultuur, taal, geboorte of vakbond-lidmaatskap nie.

Mishandeling: Geen werker of werkgewer mag onderwerp word aan enige vorm van mishandeling of teistering nie, hetsy seksueel, ras-verwant, of van derglike aard nie.

Toegang tot plase: Die protokol vir toegang tot plase verseker die veiligheid en persoonlike sekuriteit van almal wat op plase woon, werk of besoek aflê. Dit sal op ‘n billike dog konsekwente wyse toegepas word.

Veiligheid in die werkplek: Agri SA en sy affiliasies het in die verlede en sal voortaan steeds hul lede aanmoedig om te voldoen aan beroepsgesondheids en –veiligheids wetgewing sowel as enige ander arbeidsverwante veiligheidswetgewing terwyl die toepassingsbestek voortdurend gemonitor sal word. Agri SA en sy affiliasies sal hul daarvoor beywer dat elke werkgewer so ver prakties moontlik ‘n werksomgewing skep en handhaaf wat veilig is en wat geen gesondheidsrisiko’s vir hul werknemers inhou nie, inaggenome daardie risiko's wat bestaan as gevolg van die inherente vereistes van 'n spesifieke pos, wat beperk sal word sover as doenlik moontlik.

Verblyfsekerheid:

Agri SA en sy affiliasies strewe steeds daarna dat hul lede tot op grondvlak voldoen aan toepaslike wetgewing rakende grondhervorming en verblyfsekerheid.

Boere en plaaswerkers is ingelig en sal steeds ingelig word oor die inhoud van die wetgewing wat verblyfsekerheid beheer.

Agri SA en sy affiliasies sal voortgaan om saam te werk met onder andere die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, om wettige en onwettige uitsettings te monitor en verblyfsgeskille so ver doenlik moontlik by te lê. Die organisasie sal ook meewerk om praktiese oplossings, soos die identifisering van alternatiewe grond vir verblyf, soos benodig, te soek. Agri SA sal deelneem aan enige konsultasie wat daarop gemik is om implementering van verblyfsekerheid-wetgewing te bevorder of om sodanige wetgewing aan te pas tot die gemeenskaplike voordeel van grondeienaars en grondbewoners.

Agri SA en sy affiliasies sal voortgaan om die beskikbaarheid van goeie-gehalte behuising vir plaaswerkers te bevorder. Die van-die-plaas-af opsie vir die verskaffing van behuising word vanuit ’n perspektief vir langtermyn verblyfsekerheid, landelike ontwikkeling asook welvaartskepping vir plaaswerkers as die beste opsie in dié verband beskou.

Toegang tot grafte op plase: Agri SA het ’n Protokol vir toegang tot grafte op plase geformuleer en sal individuele boere aanmoedig om dit na te volg.

Bemagtiging en opleiding:

Bemagtiging: Agri SA en sy affiliasies steun en bevorder sinvolle transformasie in die landbousektor. Die Agri SEB-handves wat deur Agri SA onderskryf word dien as ‘n aanduiding van die organisasie se verbintenis in hierdie verband.

Toegang tot opleiding en ontwikkeling: Deur die vaardighede van alle plaaswerkers te verbeter sal ‘n produktiewe en gemotiveerde arbeidsmag verseker word. Formele onderwys in landbou-wetenskappe en informele basiese onderwys vir volwassenes (ABET) vereis meer aandag. Agri SA streef daarna om affiliasies en lede tot op grondvlak aan aksies in hierdie verband te laat deelneem en om bewese leemtes aan te spreek.

Maatskaplike determinante (beslissende faktore) van gesondheid:

Gesondheidsdienste: Agri SA en sy affiliasies aanvaar ook ‘n beperkte verantwoordelikheid om werkers en hul gesinne te help om toegang te verkry tot gesondheidsdienste wat verskaf word deur die nasionale, provinsiale and plaaslike regering en sal ’n positiewe rol speel in MIV/Vigs- en ander voorkomingsprogramme.

Sport- en ontspanningsfasiliteite: Agri SA sal individuele boere aanmoedig om, waar dit binne hul vermoë is, sport- en ontspanningsfasiliteite aan werkers beskikbaar te stel.

Slotsom:

Agri SA en sy affiliasies sal hulself distansieer van enige lede wat direk of indirek versuim om te voldoen aan die toepaslike wetgewing, etiek en ander goeie praktyk met betrekking tot die werks- en lewensomstandighede van plaaswerkers.